higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N540**(A)**(J22)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENE N6

(Tweede Vraestel)

(10010556)

22 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–14:00

Kandidate moet hulle EIE tekenpapier, karton (A3), kleurmedia en ander vereistes voorsien, soos uiteengesit in BYLAE C van die EERSTE VRAESTEL.

Elke kandidaat moet AL die finale sketse in EEN A3-koevert indien.

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 3 bladsye en 2 BYLAES.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENE N6
(Tweede Vraestel)
TYD: 5 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die antwoordstel gebruik is.
4. Gebruik die instruksies in AFDELING A (BYLAE C wat in die EERSTE VRAESTEL voorsien is) en pas dit op AFDELING B toe.
5. Jy moet jou eie tekenpapier, karton en die kleurmedium van jou keuse voorsien. Jy word toegelaat om al die inligting en benodighede wat jy vir die gegewe tema versamel het, te gebruik.
6. Jy mag NIE enige vorige modesketse gebruik nie. ALLE modesketse MOET TYDENS hierdie eksamen gemaak word.
7. Gebruik die croquis wat in BYLAES A en B voorsien is.
8. Plaas AL jou sketse saam in EEN koevert (A3-grootte).
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Gebruik die tema 'DIE KONTINENT' as inspirasie vir die nuwe modeneiging. Ontwerp 'n reeks moderne en elegante damesuitrustings om op 'n kultuurdag te dra wat op 'n bekende erfenisterrein gehou gaan word. Jou kliënte is jong modebewuste mense met 'n moderne smaak.

Gebruik AL die inligting, materiaalmonsters, tydskrifprente, bykomstighede en ander noodsaaklikhede wat jy oor hierdie tema versamel het en beantwoord die volgende vrae:

VRAAG 1

Gebruik AL die inligting, materiaalmonsters, tydskrifprente, bykomstighede en ander noodsaaklikhede wat jy oor hierdie tema versamel het en maak 'n inspirasiebord oor die gegewe tema.

Hou al die vereistes vir 'n goeie inspirasiebord in gedagte. **[100]**

VRAAG 2

Maak 'n voorstellingsbord van 'n reeks van DRIE moderne vroulike Afrika-uitrustings om in jou boetiek te verkoop. Gebruik die inspirasiebord in VRAAG 1 om hierdie reeks te ontwerp. Sluit AL die bykomstighede in om jou uitrustings te voltooi.

Toon slegs die vooraansig. Gebruik enige kleurmedium van jou keuse.

Hou AL die vereistes vir 'n goeie voorstellingsbord in gedagte. Rond die voorstellingsbord so professioneel en netjies moontlik af. **[100]**

VRAAG 3


Maak produksietekeninge van al DRIE uitrustings om al die besonderhede van die uitrusting wat jy ontwerp het te verduidelik.

Toon die voor- en agteraansig van AL die uitrustings in jou reeks. Hou AL die vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte. Bied die tekeninge so professioneel en netjies moontlik op die kartonne aan. **[100]**


TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou

BYLAE A



BYLAE B



Kopiereg voorbehou